- begrip toon van die grondwetlike konteks waarbinne vryheid van spraak in Suid-Afrika uitgeoefen kan word; kennis dra van die beperkinge wat in die verlede op die media geplaas is of steeds geplaas word; kennis en begrip toon van die beperkinge wat deur die gemenerereg op die media geplaas word; kennis en begrip toon van kopieregwetgewing en hoe dit die mediapraktisyn raak; en kennis en begrip toon van verbruikersregte en hoe die mediapraktisyn dit kan ondersteun.

KOMS213: NUWE MEDIA: INTERNET EN LESSENAARPUBLISERING (DESKTOP PUBLISHING)

PK 1x1,5 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- gevorderde kennis te hê van die internet en WWW soos spesifieke soektogstrategieë;
- invloed van die internet op verskeie kommunikasiebedrywe;
- wetlike aspekte, etiek en die internet, e-handel en globalisasie;
- die rol van nuwe media in telekommunikasie verstaan en in konteks te plaas;
- nuwe media aan te wend in navorsing en gemeenskapsprojekte;
- 'n goeie kennis hê van tipografie en bladuitleg en dit in 'n DTP-omgewing toe te pas;
- die verskillende toepassings vir DTP en grafiese ontwerp kan bemeester;
- 'n gevorderde kennis te hê van digitale mediagebruik en dit prakties kan uitvoer; en
- kennis te hê van die aanwending en omskakeling van tradisionele media na nuwe media en die uitvoer daarvan.

KOMS214: NUWE MEDIA : INLIGTINGSTELSLS EN NETWERKE

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- 'n oorsig te kan gee oor inligtingstelsels en netwerke;
- die waarde van inligtingstelsels en netwerke te kan aantoon vir inligtingsbestuur;
- mededingende voordeel; toeganklikheid en herwinning van verskillende tipes inligting; bemagtiging en bibliografiese beheer
- voorbeelde van spesifieke inligtingstelsels soos Internet Public Library en MPCC ken. Inligtingstelsels kan evalueer op grond van prestasievermoë.

KOMS221: INTERKULTURELE KOMMUNIKASIE

Pk 1x1,5 2:1

Na voltooiing van die module behoort die leerder die veranderlikes en dinamika van interkulturele kommunikasie te begryp en in staat wees om tydens verskillende interkulturele geleenthede beter te kommunikeer.

KOMS222: ORGANISASIEKOMMUNIKASIE

Pk 1x1,5 1:1

Met die voltooiing van hierdie module moet die leerder

- 'n deeglike begrip toon van die basiese teoretiese uitgangspunte rakende die organisasie en organisasie kommunikasie.
- die rol en funksie van kommunikasie as bestuursmeganisme uit verskillende oogpunte kan omskryf,
- die vloei van inligting in die organisasie kan beskryf, asook die rol van organisasie kommunikasie in die prosesse van verandering en leierskap beoefening in die organisasie te verstaan en toe te pas.

KOMS223: NUWE MEDIA: BASIESE WEBBLADONTWERP

Pk 1x1,5 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- oor die nodige teoretiese kennis te beskik van html;
- 'n basiese webbladsy aan die hand van html te kan ontwerp;
- webbladsye te kan evalueer aan die hand van bestaande kriteria;
- kennis te dra van verskillende modelle vir die klassifisering en evaluering van webbladsye; en
- die verskillende tipes webbladsye te kan identifiseer.

KOMS311: OUDIO-VISUELE ESTETIKA

Pk 1x3 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

kennis en begrip van lig, kleur, tweedimensionaliteit, driedimensionaliteit, tyd en beweging, visualisering, en klank te hê en die toepassing hiervan op audiovisuele produksies te kan doen.

KOMS312: ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE: TOEPASSING OP MASSAMEDIA

PK 1x1,5 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- die kennis oor die rol van die media (radio, televisie, koerante, internet, telefone) en informasievloei en ontwikkeling te kan omskryf en ontleed;
- die vermoë om die moderniserings en deelnemende benaderings binne die studieveld van ontwikkelingskommunikasie krities te bespreek;
- die vermoë hê om 'n plaaslike ontwikkelingsprogram te evalueer en aan te pas.

KOMS313: SPRAAKKOMMUNIKASIE

Pk 1x1,5 2:1

: Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- die basiese beginsels van effektiewe spraakkommunikasie te kan begryp en weergee; en
- die vermoë te hê om kort openbare inligtings- en ooringstoesprake te hou.

KOM314: NUWE MEDIA: MULTI-MEDIA KOMMUNIKASIE

Pk 1x1,5 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- kennis hê van die verskillende dissiplines van multimedia en die gebruik daarvan in die kommunikasiebedryf;
- die belangrikheid van multimedia in die oordra van inligting verstaan en toepas;
- die aanwending van multimedia-sagteware vir teks, beeld, klank en animasie kan verstaan en toepas;
- kommunikasie-aanbiedingsprogramme soos Powerpoint en Excel kan bemeester;
- die werking van multimediahardware soos CD-ROM, DVD, DTV (digitale video), klankkaarte en ander rekenaargesteuende hardware verstaan en dit gebruik in die oordra van inligting;
- kennis dra van die wisselwerking tussen telekommunikasie en multimedia en dit in die praktyk kan toepas;
- die interaksie tussen multimedia en die internet/WWW verstaan en dit prakties kan uitvoer;

- multmediaprogramme kan saamstel en bestuur (*Managing multimedia programmes*).

KOMS315: MEDIABETREKINGE EN BEDRYFSJOERNALISTIEK

Pk 1x1,5 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- kennis en begrip hê van die plek, belang, omvang en vereistes van goeie mediabetrekkinge en personeelblaaië;
- vaardighede toon in die skryf van mediaverklarings, berigte en artikels vir personeelblaaië;
- vaardighede toon in die saamstel van 'n mediapakkie; en
- vaardigheid toon in die samestelling en rekenaarmatige uitleg (DTP) van 'n personeelblad.

KOMS321: KORPORATIEWE KOMMUNIKASIE: BEELD EN IDENTITEIT

Pk 1x3 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- identifisering en ontleding van verskillende teikenmarkte/publieke;
- die segmentering van die mark;
- en om die beeld en identiteit van 'n organisasie te kan ontleed te bestuur.

KOMS322: AUDIO-VISUELE KOMMUNIKASIE: FILMTEORIE EN KRITIEK

Pk 1x1,5 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- basiese terminologie ten opsigte van rolprentteorie en visuele geletterdheid bemeester het, en tot toepassing kan bring in die skryf van filmresensies; en
- die leerder sal oor insig beskik en vertrou wees met styl en geskiedkundige ontwikkelinge binne die rolprentwese, en sal in staat wees om beskrywend en analities 'n toepaslike aantal voorbeelde van rolprente as kunsvorm met vaardigheid en insig op sowel mondelinge as skriftelike vlak tot bespreking te bring.

KOMS323: POLITIEKE KOMMUNIKASIE

Pk 1x1,5 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- die vermoë om die sisteemteorie binne 'n veranderende Suid-Afrikaanse samelewing toe te pas spesifiek met betrekking tot politieke sosialisering, demokratisering, onderhandeling, propaganda, steunwerwing, vorming van die openbare mening, die verhouding tussen die media en die staat en die taak en funksies van die GCIS;
- 'n kiesersopleidingsveldtog te beplan en implementeer; en
- 'n kommunikasiestrategie met betrekking tot onderhandeling en steunwerwing voor te berei.

KOMS324: NAVORSINGSMETODOLOGIE

Pk 1x3 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- kennis hê van die wetenskaplike bestudering van kommunikasie en die belangrikste metodologiese oriëntasies en paradigmas verstaan;
- die verband tussen teorie en navorsing verstaan en dit kan toepas in die beplanning van 'n navorsingsprojek;
- kennis dra van die toepassing en gebruikswaarde van volgende navorsingsmetodes: historiese navorsing, veldnavorsing, meningspeilings, en eksperimentele navorsing; en

- klem word daarop gelê dat leerders inhoudsanalise as navorsingsmetode prakties moet kan uitvoer.

KOMS325: NUWE MEDIA: INLIGTINGSBESTUUR

Pk 1x1,5 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- oor kennis te beskik om die belangrike rol van inligtingsbestuur in die konteks van die moderne organisasie vir doeleindes van produktiwiteit en mededingende voordeel te besef, en die vaardighede om inligtingsbestuur effektief te kan toepas deur middel van herverpakking van inligting; basiese dokument beskrywing; toekenning van trefwoorde; ekserpering; skep van 'n outoriteitslêer en evaluering van inligtingsbestuur op Internet.

KOMS326: NUWE MEDIA: INLIGTINGSVERSKAFFING

Pk 1x1,5 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- in aansluiting met Nuwe Media: Webbladontwerp verskeie soorte webblaaie identifiseer en beplan;
- Webblaaie op verskillende webbladredigeerders opmaak; en
- die gebruik van verskillende webgrafika, -animasie en basiese webprogrammering (Javascript en Advanced HTML) verstaan en toepas.

KOMI411 INTERNSKAP: VERSLAG

Pk 1x1,5 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- verslag te lewer oor die internskap en die praktiese werk in die kommunikasieverwante bedryf, spesifiek joernalistiek, korporatiewe video, korporatiewe kommunikasie, nuwe media en ontwikkelingskommunikasie; en
- 'n evalueringsverslag in te dien van die onmiddellike hoof onder wie die leerder die internskap verriig het.

KOMI421 INTERNSKAP: PROJEK

Pk 1x1,5 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder:

- praktiese ervaring te hê van 'n spesifieke kommunikasiebedryf;
- in staat wees om 'n portefeulje van die projekte en opdragte van die internskap in te dien.

KOMJ411: JOERNALISTIEKPRAKTYK

Pk 1x3 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder:

- kennis en begrip hê van die verskillende eise van die naweek-, dagblad-, gemeenskaps- en tydskrifjoernalistiek;
- kennis hê van verskillende tipes berigte, artikels en opskrifte;
- vaardigheid toon in die skryf daarvan; en
- vaardighede toon in die saamstel van nuusbuletins vir die radio.

KOMJ421: JOERNALISTIEK TOEPASSING

Pk 1X3 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder:

- kennis te dra van basiese eienskappe van fotografiese toerusting en dit kan toepas in fotografie en die samesamestelling van foto-essays; en
- gevorderde bladuitlegtegnieke en dit kan toepas in die uitleg van publikasies van 'n hoë gehalte soos glanstydskrifte, jaarverslae en koffietafelpublikasies.

KOMJ422: JOERNALISTIEK : MEDIA EN SAMELEWING

Pk 1x1,5 1:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder:

- deeglike kennis en begrip hê van die veranderende konteks waarin Suid-Afrikaanse joernaliste funksioneer; en
- kennis en begrip toon van teoreties-filosofiese kwessies rakende die begrip nuus, asook van etiese kwessies rakende die mediapraktyk en kwessies soos mediaglobalisasie, mediaeffek en die winsmotief.

KOMJ423: JOERNALISTIEK: MEDIAREG

Pk 1x1,5 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- 'n deeglike begrip te demonstreer van die grondwetlike konteks waarbinne mediapraktisyns in Suid-Afrika funksioneer en die implikasies vir joernalistiek; en
- die feite rakende belangrike medialastersake te kan weergee en die beginsels van mediareg te kan toepas.

KOMK411: KORPORATIEWE KOMMUNIKASIE: BESTUUR

Pk 1x3 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- kommunikasieveldtogte te kan opstel, integreer, implementeer en te kan bestuur;
- interne- sowel as eksterne kommunikasie te kan ontleed, verstaan en te kan bestuur, en
- aanbevelings te kan maak oor die bestuur van korporatiewe beeld en identiteit.

KOMK421: KORPORATIEWE KOMMUNIKASIE: KONTEKS EN TOEPASSING

Pk 1x3 2:1k

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- gemeenskapsverhoudinge, ontwikkelingskommunikasie en korporatiewe sosiale investering, staatskommunikasie, beleggers-en finansiële kommuniasie, wergewer- en werknemerskommunikasie, te verstaan en te kan toepas binne die Suid-Afrikaanse konteks.

KOMK422: KORPORATIEWE KOMMUNIKASIE: SPRAAKKOMMUNIKASIE

Pk 1x1,5 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- hoorbaar, verstaanbaar en met oortuiging mondeling te kan kommunikeer in 'n kleingroep en in die openbaar; en
- hulle behoort ook 'n mondelinge voorlegging te kan doen.

KOMM412: NUWE MEDIA : INFOPRENEURSKAP

Pk 1x1,5 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- oor kennis van die basiese beginsels en teorieë rakende inligtingsdiens te kan beskik;

- die waarde van inligtingsentra vir die moderne en agtergeblewe gemeenskappe ten opsigte van bemagtiging en mededingende voordeel kan identifiseer en suksesvolle inligtingsdiens kan lewer;
- kennis te dra van hoe 'n suksesvolle inligtingsdiens, soos byvoorbeeld nuusargiewe, binne 'n spesifieke organisasie geïmplementeer kan word; en
- vaardighede in die bestuur van so 'n inligtingsentrum te kan bemeester soos die
 - (i) ontwerp van 'n navraagvorm,
 - (ii) opstel van 'n inligtingsprofiel vir kliënte,
 - (iii) lewer van aktualiteitsdienste,
 - (iv) saamstel van 'n inligtingsbeleid
 - (v) intermediasie en
 - (vi) keuse van inligtingsbronne.

KOMM412: NUWE MEDIA: TEORETIESE GRONDSLAE

Pk 1x3 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- die oorsprong en geskiedenis van nuwe media verstaan, die meeste belangrike konsepte en terminologie te ken en die unieke eienskappe daarvan te kan beskryf;
- die implikasies wat nuwe media het vir die teorie van kommunikasie en die rol van interaktiwiteit as kenmerk van nuwe media kan verduidelik;
- die sosiale, institusionele en kulturele gevolge van nuwe mediaontwikkeling verstaan en die sosiologiese, kritiese en internasionale gevolge daarvan verduidelik;
- die konsep van globalisasie en die verhouding daarvan tot nuwe media kan bespreek;
- die implikasies verstaan van nuwe media op die praktyk van kommunikasie: joernalistiek, bemarkingskommunikasie en e-handel, openbare skakeling;
- standpunt inneem vir of teen die gebruik van nuwe media in Afrika vir ontwikkelingsdoeleindes; en
- etiese en wetlike aspekte in die gebruik van nuwe media evalueer.

KOMM421: NUWE MEDIA: WEBBLADPUBLISERING EN –BESTUUR

Pk 1x3 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- 'n korporatiewe webblad met verskeie webbladredigeerders kan skryf, ontwerp, publiseer en bestuur; en
- tweede generasie webpublisering en netwerksskakeling kan toepas.

KOMM422: NUWE MEDIA: WEBMEDIA EN TELEKOMMUNIKASIE

Pk 1x1,5 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- die verskillende webmedia te verduidelik en die konvergensie tussen dit kan hanteer;
- verskillende media soos teks, klank, video, animasie en op eerste en tweede generasie webblaaie kan plaas en publiseer;
- die konvergensie van digitale media en telekommunikasie begryp en toe te pas.

KOMN411: TOEGEPASTE KOMMUNIKASIEAVORSING

Pk 1x3 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- navorsingsprojekte vir die doeleindes van marknavorsing onafhanklik en op 'n wetenskaplike wyse uit te voer; hiervoor word die volgende vaardighede aangeleer: die opstel en professionele voordra van 'n navorsingsvoorlegging, steekproeftrekking,

vraelyste opstel, telefoononderhoude, persoonlike onderhoude en fokusgroeponderhoude voer, eenvoudige statistiese verwerking en interpretasie van data, die skryf van 'n wetenskaplike navorsingsverslag asook die professionele voorlegging daarvan vir 'n kliënt.

KOMO411: ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE: TOEPASSING

Pk 1x3 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- die toepassing van ontwikkelingskommunikasie beginsels en praktyk binne bepaalde ontwikkelingskommunikasie kontekste kan verstaan en ontleed. Hierdie kontekste sluit onder andere die gesondheids, omgewings, opvoedkundige, landboukundige en demokartiserende toepassingsvelde in.
- klem word ook geplaas op die besondere rol van die vrou in ontwikkeling, die regulerendeprosesse van elektroniese kommunikasie, asook die multi-kulturele omgewings waarbinne ontwikkelingskommunikasie manifesteer in.

KOMO421: ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE: METODOLOGIE

Pk 1x1,5 1:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- die verskillende metodes te omskryf;
- die mees geskikte metode of kombinasies van metodes te selekteer vir die betrokke navorsing asook die toepassing daarvan te bemeester.

KOMO422: ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE: PROJEK

Pk 1x1,5 1:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- bewys lewer dat die beplanning, samestelling en die uitvoering van die projek volgens erkende metodes en riglyne plaasgevind he;
- 'n ontleding van die verskillende fasette van projekbeplanning krities ontleed word asook die metodes wat vir die insameling van inligting gebruik is; en
- die beplanning, uitvoering en ontleding van die rol en funksie van kommunikasie in die projek word as die sentrale uitkoms van die projek beskou.

KOMP421: PROFESSIONELE OPTREDE VIR DIE PRAKTYK

Pk 1x1,5 3:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- kennis en begrip toon van die wetlike, politieke en kontekstuele faktore wat indiensnemingsmoontlikhede, toetreding tot en funksionering in die Suid-Afrikaanse arbeidsmark beïnvloed;
- 'n professionele CV en persoonlike portefeulje kan saamstel met die oog op werksaansoeke;
- multimedia-aanbiedings kan saamstel;
- kennis en begrip toon van die etiese eise van die kommunikasiepraktyk; en
- bewys lewer van 'n aanvaarbare houding jeens die kommunikasiepraktyk.

KOMV411: KORPORATIEWE EN DOKUMENTÊRE VIDEOPRODUKSIE: VOORPRODUKSIE EN PRODUKSIE

Pk 1x3 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- draaiboeke vir dokumentêre en korporatiewe video's te skryf;
- werklike produksies te begroot, en produksies te bestuur;
- advertensie-, joernaal-, korporatiewe en dokumentêre programme te vervaardig.

KOMV421: KORPORATIEWE EN DOKUMENTÊRE VIDEOPRODUKSIE: NA-PRODUKSIE

Pk 1x3 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- afronding van produksies waaronder Avid-gebaseerde redigering, vertellingskryf en finale meng.

KOMV422: KORPORATIEWE EN DOKUMENTÊRE VIDEO: FILMTEORIE EN –KRITIEK

Pk 1x1,5 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- oor gevorderde kennis en insig bekik aan die hand waarvan filmteorie en filmkritiek analities en evaluerend gedoen kan word;
- die leerder sal die vermoë hê om rolprentgeskiedenis, genretipes en stylteoretiese benaderings by wyse van mondelinge en skriftelike verslaglewering te bespreek, te analiseer en te evalueer; en
- die leerder sal ook insig hê in die vakmetodologiese toepassings van filmteorieë en gevorderde filmkritiek.

KOMV423: KORPORATIEWE EN DOKUMENTÊRE VIDEO: GEVORDERDE NIE-LINIÊRE REDIGERING

Pk 1x1,5 2:1

Na die suksesvolle voltooiing van die module behoort die leerder in staat te wees om:

- kennis te dra en kennis toe te pas in gevorderde Avid-gebaseerde nie-liniêre redigering

KUNSGESKIEDENIS

KSGS111: INLEIDENDE KUNSGESKIEDENIS: KUNSGESKIEDENIS AS WETENSKAP; KUNSWAARDERING

Pk 1X1,5 2:1

Na voltooiing van hierdie module moet die leerder beskik oor kennis ten opsigte van die volgende:

- die vormtaal van die visuele kunste, met inbegrip van die grondbeginsels, vormtaalelemente en konstituante van die visuele kunste;
- basiese metodes van kunswerkidentifikasie, -beskrywing en –analise; en
- voorlopige lewens- en wêreldbeskoulike standpuntinname ten opsigte van die inhoud en idees onderliggend tot kunswerke. Christelike wetenskapsbeoefening.

KSGS112: DIE KUNSTE VAN ANTIEKE KULTURE EN AFRIKA

Pk 1X1,5 2:1

Na voltooiing van hierdie module moet die leerder kennis vertoon en vaardigheid bewys ten opsigte van:

- basiese styltyperke binne die kunsgeskiedenis vanaf Prehistoriese tye tot die Postmodernisme: 'n Globale oorsig; en

- kennis en insig ten opsigte van die visuele kuns in geselekteerde fokuspunte naamlik beeldhoukuns en ander drie-dimensionele objekte vanaf die steentydperk tot die Romeinse periode, asook in die kuns van verskeie ander antieke kulture en Afrika.

KSGS121: KUNSGESKIEDENIS : KUNS VAN DIE MIDDELEEU, RENAISSANCE TOT BAROK

Pk 1X3 2:1

Na afhandeling van hierdie kursus moet die leerder:

- insig toon in die toepaslike gebruik van metodologiese terminologie ten einde meer komplekse kunswerkbeskrywing en kunswerk-analise te kan doen;
- formele beskrywing en analise aan die hand van konstitutiewe beginsels soos ritme, balans, harmonie en komposisie moet tydens sodanige kunswerkanalise toegepas kan word, en 'n vertroutheid met sowel ideeësgeskiedenis en voorbeelde van kunswerke as verteenwoordigende kunstenaars vanuit die middeleeue, renaissance en barok moet paraat bewys word; en
- in die besonder moet die leerder met vertroue die onderlinge kenmerke van die boukuns, skilderkuns, beeldhoukuns en veral ook die (grafiese) ontwerp-kuns bemeester.

KSGS211: WÊRELDKUNS EN WÊRELDKULTURE

Pk 1X3 2:1

Na afloop van hierdie kursus moet die leerder oor die volgende vaardighede beskik:

- kennis en insig in die visuele kunste van geselekteerde wêreldkulture insluitende Indië, die Verre Ooste, Meso- en Suid-Amerika, met Afrika as aksent;
- die vermoë om beskrywend, analities en evaluerend kunswerke vanuit hierdie kulture te taseer;
- toepaslike kennis en insig ten opsigte van sowel die ideeësgeskiedenis as die metodologie onderliggend tot elk van hierdie wêreldkulture, ten einde tot sinvolle standpuntname van hierdie kunsoorte en lokaliteite se visuele kunste te kan kom; en
- as besondere fokuspunt word van leerders verwag om konteksmatige insig te hê ten opsigte van toepaslike ontwikkeling van die grafiese ontwerp-kunste.

KSGS221: KUNSGESKIEDENIS : NEGENTIENDE EEUSE VISUELE KUNSTE EN IDEËGESKIEDENIS

Pk 1X3 2:1

Na voltooiing van hierdie kursus moet die leerder:

- ten volle vertrou wees met die wyses waarop *ideësgeskiedenis* as onderlinge komponent van 'n kunswerk vanuit 'n filosofiese en vakmetodologiese hoek die visuele kunste beïnvloed;
- verder moet die kunste van die negentiende eeu, met besondere klem op die ontwerp-kuns, aan die hand van toepaslike voorbeelde van kunswerke en verteenwoordigende kunstenaars bemeester wees;
- vermoëns tot kunsgeskiedkundige kontekstualisering asook hermeneutiese vaardighede moet gedemonstreer kan word; en
- navorsingsvaardighede moet reeds op meer gevorderde vlakke bewys word.

KSGS311: KUNSGESKIEDENIS : TWINTIGSTE EEUSE KUNS I

Pk 1X3 2:1

Na afloop van hierdie kursus behoort die leerder:

- insig te hê in die stappe in die rigting van moderne kuns, asook styltendense en –neigings binne globale modernisme;

- leerders moet die periode 1900 tot 1945 ten opsigte van kultuurgebeure kan kontekstualiseer;
- die leerder moet toepaslike denkstrominge binne die modernisme en aan die hand van vakverwante metodologie en kunsteoretiese benaderings kan omskryf en verduidelik;
- daar word ook van die leerder verwag om verbande binne wêreldkuns te kan identifiseer, en dit deur middel van sowel voorbeelde van kunswerke as van verteenwoordigende kunstenaars te beskryf en analiseer; en
- verder moet kunswerke in terme van vorm, idee en inhoud geïnterpreteer en geëvalueer kan word.

KSGS321: KUNSGESKIEDENIS : TWINTIGSTE EEUSE KUNS II

Pk 1X3 2:1

Na suksesvolle afhandeling van hierdie kursus moet leerders die volgende vaardighede toon en/of bewys lewer dat insig ten opsigte van die volgende bemeester is:

- gevorderde vermoëns in die kunswetenskaplike analise, interpretasie en evaluasie van geselekteerde kunswerke. Leerders moet insig vertoon in die interpretasie van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing in die uitvoer en interpretasie van visuele kunswerke;
- diepte-insig in die oeuvres van geselekteerde kunstenaars;
- grondige kennis van kontemporêre teorieë binne die visuele kunste, met klem op postkritiese denkraamwerke en metodologies-teoretiese aspekte van die vakgebied; en
- 'n sterk ontwikkelde vermoë tot sowel verbale as skriftelike verslaglewering na aanleiding van onafhanklike navorsing betreffende alle gevorderde aspekte van die vakgebied, insluitend tersaaklike lokaliteite, stylneigings en kontemporêre tendense met inbegrip van die ontwerp-kunste.

LATYN

LATN111: LATYN VIR ALMAL

Pk 1X1,5 1:1

By voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om:

- eenvoudige Latynse passasies te kan vertaal;
- Latynse frases te kan weergee;
- toepaslike woordeskat te ken;
- enkele buigingsvorme en grammatikale konstruksies in Latyn te kan herken;
- die Latynse oorsprong van Afrikaanse en Engelse woorde te herken; en
- geskiedkundige en ouheidkundige temas uit die laat republiekeinse tydperk te kan bespreek.

LATN121: REGS- EN KERKLATYN

Pk 1X3 1:1

By voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om:

- toepaslike latynse tekste te kan analiseer en vertaal;
- verdere grammatikale buigingsvorme en grammatikale konstruksies uit Latyn te herken;
- toepaslike woordeskat te ken;
- grondige kennis te hê van regs- en kerkterminologie in Latyn;
- geskiedkundige en ouheidkundige temas uit die laat republiekeinse tydperk te kan bespreek.

LATN211: LATYNSE OUTEURS EN ROMEINSE GESKIEDENIS I

Pk 1x3 1:1

By voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om:

- gekose tekste uit die klassieke en kerk-Latyn te kan vertaal;
- toepaslike woordeskat te ken;
- grammatikale en kontekstuele vrae oor die betrokke tekste te kan beantwoord; en
- geskiedkundige en ouheidkundige temas uit die Republiekeïense tydperk te kan bespreek.

LATN221: LATYNSE OUTEURS EN ROMEINSE GESKIEDENIS II

Pk 1X3 1:1

By voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om:

- gekose tekste uit die klassieke en reg-Latyn te kan vertaal en analiseer;
- toepaslike woordeskat te ken;
- grammatikale en kontekstuele vrae oor die tekste te kan beantwoord; en
- geskiedkundige en ouheidkundige temas uit die vroeë keisertyd te bespreek.

LATN311: LATYNSE OUTEURS EN ROMEINSE GESKIEDENIS III

Pk 1X3 1:1

By voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om:

- gekose Latynse tekste te kan vertaal en analiseer;
- grammatikale en kontekstuele vrae oor die tekste te kan beantwoord; en
- geskiedkundige en ouheidkundige temas uit die laat keisertyd te bespreek.

LATN321: LATYNSE OUTEURS EN ROMEINSE GESKIEDENIS IV

Pk 1X3 1:1

By voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om:

- gekose Latynse tekste te kan vertaal en analiseer;
- grammatikale en kontekstuele vrae oor die tekste te kan beantwoord; en
- geskiedkundige en ouheidkundige temas uit die laat keisertyd te bespreek.

MUSIEK

MUSA412: AKOESTIEK

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die wetenskaplike beginsels van klank te begryp en toe te pas t.o.v. musiek.

MUSB311: MUSIEKADMINISTRASIE

Pk 1x3 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- alle aspekte van die voorbereiding en aanbieding van 'n openbare kunste-gebeurtenis te kan beplan.

MUSB321: MUSIEKADMINISTRASIE

Pk 1x3 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- alle aspekte van musiekadministrasie prakties te kan toepas in die praktiese voorbereiding en aanbieding van 'n openbare kunste-gebeurtenis.

MUSC311: MUSIEKTEGNOLOGIE

Pk 1x3 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die finale musieknotasieprogram effektief te kan gebruik, en die beginsels van musieknotasie te kan toepas in die voorbereiding en druk van 'n volledige partituur.

MUSC321: MUSIEKTEGNOLOGIE

Pk 1x3 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die Sibelius musieknotasieprogram effektief te kan gebruik, en die beginsels van musieknotasie te kan toepas in die voorbereiding en druk van 'n volledige partituur.

MUSC411: MUSIEKTEGNOLOGIE

Pk 1x3 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die beginsels van die MIDI-spesifikasie te begryp en prakties toe te pas.

MUSC421: MUSIEKTEGNOLOGIE

Pk 1x3 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- 'n digitale klankopname te produseer, vanaf verwerking en sequencing tot redigering, mixing en finale produksie.

MUSE417: ENSEMBLE

Pk 1x3 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die voorgeskrewe ensemble-werk met begrip tot uitvoering te kan bring.

MUSG111: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die stylkenmerke en ontwikkeling van musiek in die Middeleeue, Renaissance en Barok te begryp en aan die hand van verteenwoordigende komponiste en komposisies te kan bespreek; en
- die ontstaan en ontwikkeling van jazz te begryp.

MUSG121: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die stylkenmerke van Klassieke en vroeg-Romantiese musiek te begryp en aan die hand van verteenwoordigende komponiste en werke kan bespreek.

MUSG127: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- belangrike gebeure in die lewe en invloede op die werke van enkele Klassieke komponiste te identifiseer en kortliks te beskryf; en
- na werke uit die Klassieke tydperk te luister, en waar toepaslik, ouditief en visueel, die stylelemente en boustene van die musiek te identifiseer, kortliks te beskryf en te analiseer en met ander musiektydperke te kan vergelyk.

MUSG211: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die stylkenmerke van Romantiese musiek te begryp en aan die hand van verteenwoordigende komponiste en werke kan bespreek.

MUSG221: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die musiek van die twintigste- en een-en-twintigste eeu te begryp en sinvol daarvoor te kan kommunikeer; en
- die ontstaan en ontwikkeling van populêre musiek te begryp.

MUSG227: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- belangrike gebeure in die lewe en invloede op die werke van enkele Barok komponiste te identifiseer en kortliks te beskryf; en
- na werke uit die Barok tydperk te luister, en waar toepaslik, ouditief en visueel, die stylelemente en boustene van die musiek te identifiseer, kortliks te beskryf en te analiseer en met ander musiektydperke te kan vergelyk.

MUSG311: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- sinvol oor geselekteerde onderwerpe uit die Westerse musiekgeskiedenis te kan kommunikeer en die posisie daarvan binne die breë musiekgeskiedenisveld te begryp.

MUSG313: MUSIEKGESKIEDENIS: MUSIEKKRITIEK

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- kritiese denke toe te pas ten opsigte van die filosofiese en joernalistieke dokumente van die musiekwetenskap.

MUSG317: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1X 1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- belangrike gebeure in die lewe en invloede op die werke van enkele komponiste uit die Romantiek te identifiseer en kortliks te beskryf; en
- na werke uit die Romantiese tydperk te luister, en waar toepaslik, ouditief en visueel, die stylelemente en boustene van die musiek te identifiseer, kortliks te beskryf en te analiseer en met ander musiektydperke te kan vergelyk.

MUSG321: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- sinvol oor geselekteerde onderwerpe uit die Westerse musiekgeskiedenis te kan kommunikeer en die posisie daarvan binne die breë musiekgeskiedenisveld te begryp.

MUSG323: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- kritiese denke te demonstreer in die skryf van programnotas en resensies van openbare konserte.

MUSG327: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- belangrike gebeure in die lewe en invloede op die werke van komponiste en uitvoerders uit die twintigste eeu te identifiseer en kortliks te beskryf; en
- na komposisies uit verskillende genres van die twintigste eeu te luister, en waar toepaslik, ouditief en visueel, die stylelemente en boustene van die musiek te identifiseer, kortliks te beskryf en te analiseer en met ander musiektydperke te kan vergelyk.

MUSG411: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- sinvol oor geselekteerde onderwerpe uit die Westerse musiekgeskiedenis te kan kommunikeer en die posisie daarvan binne die breë musiekgeskiedenisveld te begryp.

MUSG412: SOSIALE MUSIEKWETENSKAP

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die beginsels van kulturele analise te begryp.

MUSG413: MUSIEKGESKIEDENIS: MUSIEKKRITIEK

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- kritiese denke te demonstreer in die skryf van programnotas en resensies van openbare konserte.

MUSG421: MUSIEKGESKIEDENIS

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- sinvol oor geselekteerde onderwerpe uit die Westerse musiekgeskiedenis te kan kommunikeer en die posisie daarvan binne die breë musiekgeskiedenisveld te begryp.

MUSH171: GEHOOROPLEIDING

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- eenvoudige ritmiese en eenstemmige melodiese frases te kan noteer en intervale, modi en ander toonreekse te kan herken; toontrefoefeninge, toonreekse, intervale en bladsangoefeninge op solfa te kan sing; onvolledige, volledige en uitgebreide kadense in enige majeur- en mineurtoonsoort met gebruikmaking van die dominant vierklank aan die klavier te kan realiseer.

MUSH271: GEHOOROPLEIDING

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- moeiliker ritmes, een- en tweestemmige melodiese frases te kan noteer en intervale, toonreekse en drieklanke te kan herken; toonreekse, intervale, drieklanke en bladsangoefeninge op solfa te kan sing; harmonisasie van majeur- en mineurtoonlere, gebruik van tussendominante, harmonisering van kadense in enige majeur- en mineurtoonsoort, asook eenvoudige koraalmelodieë aan die klavier te kan realiseer.

MUSH371: GEHOOROPLEIDING

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- gevorderde ritmes, een-, twee- en driestemmige melodiese frases (diatonies, modaal en chromaties) te kan noteer en intervale, toonreekse en drie- en vierklanke te kan herken; toonreekse, vierklanke, intervale, en bladsangoefeninge in verskillende sleutels met verskeie modulاسies, improvisasie en voltooiing van gegewe voorsinne op solfa te kan sing; harmonisasie en voltooiing (ook met modulاسie) van voorsinne en die besyferdebaspraktyk aan die klavier te kan realiseer.

MUSK311: KOMPOSISIE

Pk 1x3 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- tradisionele komposisie- en orkestrasietegnieke in 'n portefeulje van komposisies te kan demonstreer.

MUSK321: KOMPOSISIE

Pk 1x3 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- tradisionele komposisie- en orkestrasietegnieke in 'n portefeulje van komposisies te kan demonstreer.

MUSK411: KOMPOSISIE

Pk 1x3 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- moderne komposisie- en orkestrasietegnieke in 'n portefeulje van komposisies te kan demonstreer.

MUSK421: KOMPOSISIE

Pk 1x3 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- moderne komposisie- en orkestrasietegnieke in 'n portefeulje van komposisies te kan demonstreer.

MUSN117: MUSIEKNOTASIE

Pk 1X1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- eenvoudige ritmiese patrone en kort melodiese frases op verskeie maniere vanaf notasie en geheue te reproduseer;
- eenvoudige bekende musikale patrone te herken en ook te noteer met kennis en begrip van die eienskappe van die musikale toon en van die konvensies van musieknotasie; en
- die stryk-instrumente ouditief en visueel te herken.

MUSN118: MUSIEKNOTASIE

Pk 1X1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- ritmiese patrone, melodiese frases en musikale elemente op verskeie maniere vanaf notasie en geheue te reproduseer;
- eenvoudige musikale patrone te herken en ook te noteer met kennis en begrip van die eienskappe van die musikale toon en van die konvensies van musieknotasie; en
- die hout-en koperblaas-instrumente ouditief en visueel te herken.

MUSN127: MUSIEKNOTASIE

Pk 1X1.5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- eenvoudige meerfrasige melodieë, uitgebreide ritmiese patrone en kort akkoordprogressies te begryp en op verskeie maniere vanaf notasie en van geheue te reproduseer;
- musikale patrone te herken en ook te noteer met parate kennis en begrip van die eienskappe van die musikale toon en van die konvensies van musieknotasie;
- al die belangrike musikale elemente op verskeie maniere van geheue te reproduseer en te bespreek;
- meer komplekse voorbeelde van die belangrikste musikale elemente te herken, te verstaan, en te reproduseer;
- eenvoudig lesse aan te bied oor die kennis en vaardighede wat tot dusver in die kursus verwerf is; en
- die klavierbord-instrumente ouditief en visueel te herken.

MUSN128: MUSIEKNOTASIE

Pk 1X1.5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- meerfrasige melodieë, komplekse ritmiese patrone en harmoniese progressies te begryp en op verskeie maniere vanaf notasie en van geheue te reproduseer, en te improviseer;
- uitgebreide musikale patrone te herken en ook te noteer met parate kennis en begrip van die eienskappe van die musikale toon en van die konvensies van musieknotasie, sowel as die implikasies vir onderrig;

- al die belangrike musikale elemente op verskeie maniere van geheue te reproduseer en te bespreek;
- meer komplekse voorbeelde van die belangrikste musikale elemente te herken, te verstaan, te reproduseer, en te bespreek;
- lesse aan te bied oor die kennis en vaardighede wat tot dusver in die kursus verwerf is; en
- die perkussie instrumente ouditief en visueel te herken.

MUSO111: MUSIEKOPVOEDING

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die kenmerke van goeie musiekonderwys, elemente van die groepsmusiekles, en algemene klasbestuur te begryp; aanvangsonderrig in begeleiding en blokfluitspel toe te pas.

MUSO112: MUSIEKOPVOEDING: MUSIEKMETODIEK

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- 'n sinvolle oefenprogram te beskryf en in die praktyk toe te pas; die grondbeginsels van 'n goeie klaviertegniek sistematies uiteen te sit; repertorium uit alle stylperiodes vir die beginner voor te skryf; 'n grondige begrip van die UNISA Gr 1 en 2 sillabus vir klaviereksamens te illustreer.

(Uitkomst van ander instrumente en sang is by die vakgroepvoorsitter beskikbaar.)

MUSO117: MUSIEKOPVOEDING: GROEPMUSIEK

Pk 1X1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- 'n aantal liedere van die blad te kan sing; en
- vaardigheid in die lees van notasie aan die klavier te kan demonstreer.

MUSO118: MUSIEKOPVOEDING

Pk 1X1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die basiese beginsels van musiekopvoeding te begryp.

MUSO179: MUSIEKOPVOEDING : INSTRUMENTE

Pk 1x 1,5 1:1

Na afloop van die kursus sal die leerder in die:

Afdeling: Klavier

- die tipografie van die klawerbord bemeester;
- kort stukke in die vyfvinger-handposisie saamhande kan speel;
- (enkelvoudige 2-, 3- en 4-slagmaat; C, G en F majeure);
- vingertegniek kan ontwikkel met behulp van vyfvinger tegniese oefeninge;
- die basiese reëls van vingersetting verstaan en toepas;
- 'n eenvoudige melodie gespeel deur die regterhand akkoordaal begelei in die linkerhand (slegs primêre akkoorde in C, G en F majeure);
- bg. akkordale begeleiding uitbrei tot walsritmes, alberti-bas en gebroke akkoorde; en

- vertrouwd wees met die toonaardstrukture van C,D,E,F,G,A en B majeur, a,e,c,d en g harm. en mel. mineur op die klawerbord.

Afdeling: Blokfluit

- nootname en basiese ritmiese patrone herken; en
- eenvoudige melodieë op die Blokfluit kan speel (enkelvoudige 2-, 3- en 4-slagmaat, G, F, D en C majeur).

Afdeling: Ghitaar

- die primêre akkoorde en sommige sekondêre akkoorde in die volgende toonaarde speel: A, D en G majeur
- hom-/haarsel en ander begelei deur middel van "strumming" in enkelvoudige 2-, 3- en 4-slagmaat.

MUSO121: MUSIEKOPVOEDING

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- onderrig van groepsmusiek vir die preprimêre, graad 1 en graad 2 kind te begryp.

MUSO127: MUSIEKOPVOEDING : GROEPMUSIEK

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die basiese vaardighede wat benodig word vir die aanleer van die verskillende elemente van musiek vir die leerder in die pre-primêre skoolfase prakties te demonstreer.

MUSO128: MUSIEKOPVOEDING

Pk 1X1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die basiese beginsels by die aanleer van die verskillende elemente van musiek vir die kind in die pre-primêre fase tot graad 2 te begryp en prakties te demonstreer.

MUSO129: MUSIEKOPVOEDING : GEMEENSKAPSONDERRIG

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- in 'n multikulturele omgewing aan 'n groep leerders in die primêre skoolfase, liedere en danse aan te leer.

MUSO211: MUSIEKOPVOEDING

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die musikale groei en ontwikkeling van die kind te begryp aan die hand van leer- en ontwikkelingsteorieë; die huidige St. 6 sillabus t.o.v. musiek krities te evalueer.

MUSO217: MUSIEKOPVOEDING : GROEPMUSIEK

Pk 1X1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die basiese vaardighede wat benodig word vir die aanleer van die verskillende elemente van musiek vir die leerder in die junior primêre skoolfase prakties te demonstreer.

MUSO218: MUSIEKOPVOEDING

Pk 1X1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die basiese beginsels by die aanleer van die verskillende elemente van musiek vir die kind in graad 3-5 te begryp en prakties te demonstreer.

MUSO221 MUSIEKOPVOEDING

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die teoretiese beginsels by die aanleer van verskillende elemente van musiek vir die kind in die senior primêre fase te begryp; die huidige St. 7 sillabus t.o.v. musiek krities te evalueer.

MUSO222: MUSIEKOPVOEDING: MUSIEKMETODIEK

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die geskiedenis, reëls en metodiek van vingersetting in klavierspel te beskryf en toe te pas;
- die rol van memorisering in klaviermusiek, asook die wyses waarop klaviermusiek gememoriseer kan word, te verduidelik;
- gewoontes wat swak bladles tot gevolg het, te isoleer;
- wenke ter verbetering van bladles voor te stel en werke geskik vir bladles te gradeer;
- die werking van die pedaal te verduidelik, funksionele pedaalgebruik te bespreek en die verskillende tegnieke van pedaalgebruik te definieer en te demonstreer;
- frasiering en artikulasie in klavierspel te definieer en die verskil tussen beide te verduidelik;
- repertorium van Klassieke komponiste vanaf noot- en luistervoorbeelde te herken; en
- 'n grondige begrip van die UNISA Gr. 3 en 4 sillabus vir klaviereksamens te illustreer.

(Uitkomst van ander instrumente en sang is by die vakgroepvoorsitter beskikbaar.)

MUSO227: MUSIEKOPVOEDING : GROEPMUSIEK

Pk 1X1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die basiese vaardighede wat benodig word vir die aanleer van die verskillende elemente van musiek vir die leerder in die senior primêre skoolfase prakties te demonstreer.

MUSO228: MUSIEKOPVOEDING

Pk 1X1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die teoretiese grondslae van die belangrikste benaderings tot musiekopvoeding in die twintigste eeu (Orff, Kodaly & Dalcroze) te begryp en toe te pas.

MUSO229: MUSIEKOPVOEDING : GEMEENSKAPSONDERRIG

Pk 1X1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- in 'n multikulturele omgewing aan 'n groep leerders in die primêre skoolfase, liedere en danse aan te leer; en
- die lesgeleenthede selfstandig te beplan en aan te bied.

MUSO279: MUSIEKOPVOEDING : INSTRUMENTE

Pk 1X1,5 1:1

Na afloop van die kursus sal die leerder in die:

Afdeling: Klavier

- langer stukke in uitgebreide handposisies, met komplekser ritmes en wat meer gevorderde koördinasie tussen beide hande vereis, speel; (enkelvoudige en saamgestelde tyd, toonaarde met tot vier kruise en twee molle);
- vingertegniek verder kan ontwikkel met behulp van 'n verskeidenheid tegniese oefeninge;
- langer melodieë, volkswysies met begeleidingspatrone en korale akkordaal begelei;
- uitgebreide kadense op die klavier realiseer; en
- vertrouwd wees met die toonaardstrukture van Dmol, Emol, Amol en Bmol majeur, f en b harmoniese en melodiese mineur.

Afdeling: Blokfluit

- meer komplekse melodieë in 'n verskeidenheid toonaarde speel; en
- die begrippe intonasie, asembeheer en frasering verstaan.

Afdeling: Ghitaar

- die primêre akkoorde en sommige sekondêre akkoorde in die volgende toonaarde speel: C, F en E majeur; en
- hom-/haarself en ander begelei deur middel van "strumming" en "picking" in 'n verskeidenheid ritmiese patrone en in enkelvoudige en saamgestelde tyd.

MUSO311: MUSIEKOPVOEDING: GROEPSMUSIEK

Pk 1x3 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- teoretiese beginsels van musiekopvoeding toe te pas deur bestudering en analise van aktuele onderwerpe en situasies; die huidige St. 8-9 sillabus t.o.v. musiek krities te evalueer.

MUSO312: MUSIEKOPVOEDING: MUSIEKMETODIEK

Pk 1x3 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die eienskappe van die clavichord en klawesimbel te noem en 'n oorsig te gee: oor die ontwikkeling en werking/meganiek van die moderne konsertvleuel; oor negentiende-eeuse en vroeg twintigste-eeuse pedagogiese denke en die denkskole en metodiek van die belangrikste klavierpedagoë te bespreek;
- die eienskappe van 'n goeie klavieronderwyser te beskryf;
- die tegniese ontwikkeling van die beginner te verseker,
- suksesvolle eerste lesse vir die beginner te konstrueer en die belangrike tutorboeke vir beginners te noem en bespreek;
- alle aspekte van toonduurte, d.w.s tempo, tyd, ritme, rubato, metrum ens. te definieer en te onderrig.

(Uitkomst van ander instrumente en sang is by die vakgroepvoorsitter beskikbaar.)

MUSO317: MUSIEKOPVOEDING

Pk 1x1,5 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die beginsels en vaardighede by die aanleer van die verskillende elemente van musiek vir die leerder in die senior primêre skoolfase te begryp en prakties te demonstreer.

MUSO321: MUSIEKOPVOEDING: GROEPSMUSIEK

Pk 1x3 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- sinvol te kommunikeer oor kontemporêre teorieë in musiekopvoeding; die huidige St. 8-9 sillabus t.o.v. musiek krities te evalueer.

MUSO322: MUSIEKOPVOEDING: MUSIEKMETODIEK

Pk 1x3 1:1

Die leerder sal in staat wees om:

- die noodsaaklikheid van ontspanning in klavierspel met insig te begrond;
- die tegniek van goeie toonleerspel te verduidelik en te demonstreer/onderrig;
- die prosedure vir die redigering van 'n musiekstuk te beskryf en toe te pas;
